Boemelaar Ete en Modeparade

Die Gereformeerde Susters bied ‘n Boemelaars ete en modeparade aan by die KunsteGrot op 26 Oktober 2016. Die fondse van die modeparade gaan na die Sopkombuis. Die Sopkombuis is n organisasie wat deur 2 vroue bestuur word. Hulle gee twee keer n week n bord gesonde kos vir gesinne in die dorp wat swaar trek. Die gesinne is meestal enkel mammas wat geen of min onderhoud ontvang. Die helfte van die mense aan wie hul voorsien is kinders. Die doel van hierdie projek is om die gemeenskap bewus te maak van hierdie organisasie asook ‘n geleentheid vir elke een van ons om ons deel op ‘n kreatiewe manier te bring in ons gemeenskap vir ons gemeenskap. Die aand begin met ‘n modeparade wat deur lede van die toneelgroep, van die dramastudente asook verskeie besighede en individiue ondersteun gaan word. Daar sal pryse in elke kategorie toegeken word vir die kreatiefste en bes geklede boemelaar. Daar gaan ook groepe wat besighede verteenwoordig deelneem.

Na die modeparade sal daar n boemelaarsete beskikbaar wees teen R50.

By die deur sal n houer wees waar skenkings vir die sopkombuis gelos kan word. Hul benodig veral vars groente, vleis en enige produkte wat hul in die kos kan gebruik. Ander items wat geskenk word soos seep, sjampoo, klere , wit olifante by die huis , sal alles geskenk word om hierdie organisasie te onder steun.

Die Boemel modelle kan reeds vanaf 5.30 by die Grot bymekaar kom . Die modeparade begin stiptelik om 6uur.

Vir verdere inligting skakel of whp vir Daleen Venter by 082 5521 283